## *AANDHEMEL.*

*Die son sink neer in sterwenswee*
*En maak die weste 'n vuur'ge see*
*En toon aan my—wat neergang vrees—*
*Dat sterwe in heerlikheid kan wees.*

*Terwyl ek in die laaiing staar*
*Kan ek uit vreemde gloed ontwaar*
*Vér agter son en vuurgordyn*
*'n Baan wat soos 'n pad my skyn.*

---

*As uit my le'e die lewe ril*
*U, Ewig Lig, my siel deurtril*
*Bring my dan na dié Ligsee aan*
*Laat my die weg daar gunder gaan.*

*Laat tog nie dat u vlamme-wa*
*Met vuur'ge perd' my opwaarts dra*
*Gun my te voet die goue pad*
*Sò met my oog op Hemelstad.*

*MARTIN MEERMAN.*

---